Hoe om Voortrekker 30 sekondes te speel

Graad 4 tot 12

Hierdie is ’n lekker speletjie vir Voortrekkerspanne vir die inoefening van enige Voortrekkerwerk.

Onderwerp: Voortrekkerwerk

Stappe

1. Jy benodig:
   - **Kaartjies** (Kaartjies30_sek)
   - Uurglas
   - Pen en papier om punte aan te teken
2. Verdeel Voortrekkerspan in spanne van twee lede. Indien span uit ongelyke aantal lede bestaan, kan meer lede by ’n span ingedeel word.
3. Begin met ’n span. ’n Speler trek ’n kaartjie. Die speler het dan 30 sekondes om die woorde op die kaartjie te verduidelik. Sy/haar spanmaat moet uit die verduideliking raai wat die woord is. Geen woord of gedeelte van ’n woord wat op die kaartjie is, mag gebruik word in die verduideliking nie. Indien die woord wat die speler moet verduidelik *Gebiedskamp* is, mag die woord kamp of gebied nie in die verduideliking gebruik word nie. Die speler kan die woorde in enige volgorde verduidelik.
4. Die span kry die aantal punte van hoeveel woorde hulle reggekry het.
5. Die volgende span kry dan ’n beurt. Aan die einde word die punte bymekaargetel.
6. Daar moet beurte gemaak word vir verduideliking en woorde raai. As die speler die een rondte verduidelik het, moet hy/sy die volgende rondte die woorde raai.
7. Maak seker dat die spel regverdig verloop. Onthou pryse vir die span wat wen.

Wenke

1. Maak jou eie 30 sekondes-kaartjies oor ’n spesifieke onderwerp.
2. Kies spanne regverdig.
3. Indien die kinders te veel sukkel, kan die tyd dalk langer gemaak word.
4. Druk die kaartjies op karton uit en lamineer. Die kaartjies sal dan langer hou.